# REFORMASIE 500

vrygemaak om nuut te glo

# Week 5: No silence just Worship

500 jaar gelede was die kerk in groot moeilikheid! Mense het as gevolg van allerhande vreemde wanpraktyke nie meer die kerk en die kerkleiers vertrou nie. Mense was moeg vir tradisie en leë rituele en simbole. Die kerk het ook 'n baie klein verskil in hul lewens gemaak. Baie min mense het die Bybel gehad om te lees en die hervormers het voorgeloop in die vertaling van die Bybel in gewone spreektaal. Die pous en geestelikes (saints) het ook 'n te groot rol gespeel.
En daarteen het Martin Luther en ander kerkleiers van sy tyd opgestaan. Hulle verstaan van geloof, godsdiens en kerkwees is saamgevat in 5 kern punte (5 "*solas*"– Latyns vir alleen).

- **No rules but Grace** - Genade is verniet (***sola gratia***)
- **No work but Faith** - Geloof alleen red (***sola fidei***)
- **No one but Jesus** - Net Christus maak vry – (***solus Christos***)
- **No word but thy Word** - God se Woord leer ons die pad van redding – (***sola Scriptura***)
- **No silence just Worship** - Aan God al die eer – (***sola deo gloria***)

***Elke week gaan ons een van hierdie sake in ons Bybelstudies deurwerk***

## Inleiding

- Kyk na video 5 en gesels oor wat julle getref het.

- GK Chesterson skryf een maal soos volg: "The biggest problem for atheists comes the moment they are truly thankful and have no one to thank!"

- Om aan God die eer te bring beteken onder andere dat ons vir God moet dankie sê. Wat is daar waarvoor jy vandag vir God wil dankie sê? Bid as groep saam en dank God!

## Wat sê die Bybel?

- Lees **Psalm 92.** Wat wil hierdie Psalm vir ons leer oor God en hoe Hy werk en wat Hy doen?

- Die probleem wat die reformasie wou aanspreek is dat die pous en die heiliges (saints) in die Rooms Katolieke Kerk 'n te belangrike rol begin speel het. Wat is die gevaar vir ons geloof as mense en die opinies of guns van mense vir ons belangriker word as God?

*Moontlike antwe: Vertrou nie meer vir God nie, soek die goedkeuring van mense*

- Die uitdrukking "***Soli deo Gloria"*** beteken "aan God al die eer. Die Hebreeuse woord vir eer, is die woord "***kabod***" – wat letterlik beteken iets wat swaar of gewigtig (heavy) is. Hoe help dit ons om die rol of plek wat God in ons lewens moet inneem te verstaan? Wat beteken dit vir jou as God ***heavy*** in jou lewe moet wees?

- Niks is meer belangriker as die rol wat God in jou lewe moet inneem nie! Hoe kan 'n gesindheid van dankbaarheid/dankie-sê ons help om God meer raak te sien?

- Op watter ander maniere kan ons God dank, eer toe bring? Dink baie prakties!! Kyk ook weer na Psalm 92 vir moontlike rigting hieroor.

*Dit vra 'n doelbewuste keuse, elke dag om die Here heavy in jou lewe neer te sit*
*Hoe kan worship en musiek hiermee help?*

**Samevatting:** Om vir God die regte plek in ons lewens te gee, vra van ons om werklik afhanklik van Hom te wees, maar ook voortdurend aan Hom die eer te bring deur ons woorde en ons lewens.

## Saambid en Uitstuur

- Hoe kan julle mekaar help om in hierdie week meer aan God die eer te bring – wees baie prakties?
- Laat elkeen sê wat hulle geleer het en wat hulle hierdie week anders gaan doen of wees.

# REFORMASIE 500

vrygemaak om nuut te glo

## Week 5:  No silence just Worship

500 years ago the church was in big trouble!  People lost their trust in the church and its leaders due to all kind of strange practises that got a foothold in church and religion. Tradition, empty rituals and symbols took centre stage.  People's lives didn't change and they left the church. Martin Luther and other church leaders stood up against these mal-practices.  Another thing that was strange was that the Bible wasn't available for ordinary people to read.  The pope and saints also played a much too big role in church life.
To rectify this they tried to take people and the church back to its original design by emphasising the following 5 principles:

- **No rules but Grace** - Grace is a free gift (***sola gratia***)
- **No work but Faith** – Faith saves (***sola fidei***)
- **No one but Jesus** – Jesus Christ frees – (***solus Christos***)
- **No word but thy Word** - God's Word teaches the way to salvation – (***sola Scriptura***)
- **No silence just Worship** - All glory to God – (***sola deo gloria***)

### Introduction

- Watch and discuss the fifth video of the series (*unfortunately only available in Afrikaans)*

- GK Chesterson once said:  "The biggest problem for atheists comes the moment they are truly thankful and have no one to thank!"

- To bring glory to God is to be thankful towards Him, to learn to thank Him.  What is there that you can thank Him for today?  Do it in a prayer.

### Listen to the Word

- Read **Psalm 92.** What does this Psalm teaches us about God, what He does and who He is?

- One big problem of the Reformation was that the pope and the saints played a much to important role in church. What is the danger when people and their opinions weigh heavier than God and his Word?

*Possible answers: Stop trusting God, try to please people*

- "***Soli deo Gloria"*** means: glory to God. The Hebrew word for glory is the word "***kabod***" – which means that something is heavy. How does this help us to understand the role God wants to play in our lives? What do you think it means that God must be heavy in our lives?

- Nothing is more important than the role that God wants to play in our lives. How can thankfulness and praise help us to keep this perspective healthy?

- In what other ways can we bring God glory? Read Psalm 92 again for guidance on this matter.

*How can praise and worship help to keep this perspective healthy?*

**Conclusion:** To be faithful to God means to be dependent from Him, and to learn to thank Him and give Him the glory through our words and deeds.

## Pray and Purpose

- How can you help each other during this week to bring God the glory?
- What did you learn (one thing) and what is your challenge for the week (one thing)